# Lang Piet Mokoena

*deur Metsing Nteo*

1. Lang Piet Mokoena was 'n baie bekende man in Matwabeng, 'n dorpie naby Bethlehem. Hy was die perfekte heer. Omdat Piet 'n lang man was, het almal hom "Lang Piet" genoem. Almal het respek vir Piet gehad, want hy was goed vir die mense.

2. Lang Piet was die dominee van die Church of Zion. Die mense het gedink hy was 'n baie goeie mens. Hy het die ou mense en die siekes gereeld besoek en vir hulle gebid.
In die winter het hy vir die ou mense komberse en klere gegee en vir Kersfees het hy vir hulle kos gegee.

3. Al die mense het gesien wat hy gedoen het. Maar hulle het gewonder: waar kry die man dan al sy geld? Die meubels in sy huis was baie mooi en duur. Die klere wat hy en sy vrou gedra het, was ook duur - en hulle motor was nog duurder. Dit was 'n BMW.

4. Die lewe op Matwabeng het rustig voortgegaan - tot die aand toe die nuus op die televisie die mense erg geskok het. Om sesuur daardie aand het die polisie 'n rooi BMW-motor naby Bethlehem probeer stop. Die motor wou nie stop nie. Die polisie het agter hom aangery, maar hy het net vinniger gery. Hulle het waarskuwingskote geskiet, maar hy het nie gestop nie.

5. Uiteindelik moes die polisie op die motor skiet. Hulle het Lang Piet raakgeskiet. Hy het teen 'n boom vasgery en is toe dood. Toe hulle die motor deursoek, het hulle ses sakke dagga en baie vuurwapens in die motor gekry. Die BMW is ses maande tevore in Pretoria gesteel.

6. Lang Piet Mokoena was eintlik 'n dief. In die dag het almal hom as "dominee" geken, maar in die nag was hy 'n dief.

## Hoe goed het jy die kortverhaal verstaan?

Die kortverhaal het ses paragrawe. Lees die volgende opskrifte en skryf neer watter opskrif by watter paragraaf pas (**hoofgedagtes**).

1. Die nuus wat almal skok.
2. Die mense wonder oor sy baie geld.
3. Hy is goed vir die ou mense en die siekes.
4. Die dominee in die dag is die dief in die nag.
5. 'n Bekende man in Matwabeng.
6. Die bestuurder van die BMW is dood.



Soek woorde in die eerste twee paragrawe van die kortverhaal wat **min of meer dieselfde** as die woorde in vet druk beteken (**sinonieme**).

1. Lang Piet Mokoena was 'n baie **beroemde** man in Matwabeng.
2. Die mense wat Lang Piet geken het, het gedink hy is 'n **volmaakte** heer.
3. Lang Piet was die **predikant** van die African Church of Zion.

Lees al Lang Piet Mokoena se **goeie** en **slegte dade**. Skryf dan sy **goeie dade** (*good deeds*) en sy **slegte dade** (*bad deeds*) in twee kolomme neer.

| | |
|---|---|
| Hy het vir ou mense kos gegee. | Lang Piet het die siekes besoek. |
| Hy het die motor in Pretoria gesteel. | Hy het vuurwapens in die motor gehad. |
| Hy het dagga in die motor gehad. | Hy het vir bejaardes-komberse gegee. |

**D** Kies die **korrekte** antwoord.

1. Watter werk het Lang Piet Mokoena in die dag gedoen?
   Hy was 'n . . .
   a) polisieman
   b) dominee
   c) dief

2. Wat het hy in die nag gedoen?
   Hy was 'n . . .
   a) lang man
   b) dief
   c) dominee

**E** Twee van die antwoorde is korrek. Watter antwoord is **nie korrek nie**?

1. Aan die begin van die verhaal was Lang Piet Mokoena bekend, want ...
   a) hy was 'n perfekte heer.
   b) hy was 'n dief.
   c) hy was goed vir die mense.

2. Hoe kon 'n mens sien dat Lang Piet baie geld gehad het?
   a) Sy klere was duur.
   b) Sy meubels was duur.
   c) Hy het met 'n klein motortjie gery.

**F** Is die sinne WAAR of ONWAAR? Verander een woord om dit waar te maak.

1. Die polisie het 'n rooi BMW een aand ongeveer **agtuur** naby Bethlehem probeer stop.
2. Die polisie het **kort** Piet doodgeskiet.
3. Lang Piet was in die **dag** 'n berugte dief en in die **nag** 'n dominee.